| | OPTREDE DEUR |
|---|---|
| UITVOER VAN AVGAS NA ZIMBABWE | |
| Minister Van der Merwe lê Handel en Verbruikersake se Staats= veiligheidsraadmemorandum nr 11 van 1980 gedateer 19 September 1980 voor die Raad (afdruk aangeheg) en dit word bespreek. Die Staatsveiligheidsraad besluit om die aanbeveling te aan= vaar dat die aansoek om 'n uitvoerpermit vir die uitvoer van 1 miljoen liter Avgas na Zimbabwe afgekeur word maar dat die betrokke oliemaatskappy meegedeel word dat die RSA vanweë sy eie voorsieningsposisie en onvoldoende vervoergeriewe Zimbabwe van Avgas slegs op 'n lopende grondslag op basis van sy week= likse gebruik kan voorsien. | MINISTER VAN DER MERWE |
| 10. AGENDA-ITEM 7: DEURVOER VAN WAPENTUIG NA BUURSTATE | |
| Die riglyne vir die beheer oor deurvoer van wapentuig na buurstate, wat deur die Werkkomitee aanvaar is en as Bylaag 3 met die agenda versprei is, word aan die orde gestel en bespreek. Die Staatsveiligheidsraad besluit om die riglyne goed te keur op voorwaarde dat paragraaf 3.2.5 gewysig word deur die weglating van die woorde "met dien verstande dat 'n teenstem die aansoek laat misluk", aangesien die saak na die Staatsveiligheidsraad gebring moet word indien eenstemmigheid nie bereik kan word nie. | DIE SEKRETARIS |
| Wat die vyf besendings wapentuig (76 houers) wat reeds in die RSA is, betref, wys die Sekretaris daarop dat in sekere gevalle permitte reeds uitgereik is, dat bestaande ooreenkomste aangetas word en dat 'n juridiese ondersoek reeds onderneem word. Die Staatsveiligheidsraad besluit egter dat die besendings na die wapenopslagplek by De Aar geneem en daar afgelaai moet word en dat die houers na Safmarine moet teruggaan. | GENERAAL MALAN<br>DR LOUBSER<br>DIE SEKRETARIS |
| 11. AGENDA-ITEM 8 : ALGEMEEN | |
| DIE SUID-AFRIKAANSE INDIëRRAAD | |
| Die Staatsveiligheidsraad besluit om goed te keur dat minister Heunis, in sy hoedanigheid as waarnemende Minister van Indiër= sake, 'n nuwe Indiërraad benoem om oor te neem wanneer die ter= myn van die huidige Indiërraad op 5 November 1980 ten einde loop aangesien dit nie wenslik geag word dat die Indiërs nou op hulle eie verkiesing moet hou nie. | MINISTER HEUNIS |
| 12. Die vergadering verdaag om 16h10. | |
| 13. Die volgende vergadering word op Donderdag, 9 Oktober 1980, om 14h30 in die Kabinetskamer, Uniegebou, Pretoria, gehou. | |

GOEDGEKEUR

SEKRETARIS
24 September 1980

VOORSITTER
9 Oktober 1980

OPSTELLER

09.10.80



OPTREDE DEUR

word en dat die nodige voorsiening vir delegasie gemaak moet word. — MINISTER MALAN

9. AGENDA-ITEM 8 : DEURVOER VAN WAPENTUIG NA BUURSTATE

Minister Malan verwys na die Staatsveiligheidsraad se besluit by sy vorige vergadering dat die vyf besendings wapentuig (76 houers), hoofsaaklik vir Zimbabwe bedoel, wat reeds in die RSA is, na die wapenopslagplek by De Aar geneem en daar afgelaai moet word (notule nr SVR 17/80:10) en gee aan die hand dat die buurstate van die beslaglegging in kennis gestel word.

Die Staatsveiligheidsraad bespreek die saak kortliks en besluit dat die betrokke buurstate meegedeel moet word. — MINISTER R F BOTHA / MINISTER MALAN

10. AGENDA-ITEM 9 : SEKERHEID VAN INLIGTING

Dr Barnard doen namens die Koördinerende Inligtingskomitee (KIK) 'n beroep op Staatsveiligheidsraadslede om sensitiewe inligting baie versigting te hanteer. Menselewens kan op die spel wees. Hy waarsku dat die RSA se vyande vandag 'n goeie inligtingsonder= skeppingsvermoë het en dat dit besig is om te verbeter. Selfs satelliete word gebruik om telefoongesprekke af te luister.

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis en besluit om nie in open= bare meedelings na die inligtingsgemeenskap as sodanig te verwys nie, of spesifiek te wees wat tyd en plek betref wanneer na op= trades van die SA ANC, byvoorbeeld, verwys word nie. — ALMAL

11. AGENDA-ITEM 10 : RIGLYNE VIR 'N TOTALE STRATEGIE VIR ZIMBABWE

Die dokument wat as Bylaag 2 met die agenda versprei is, word nie aan die orde gestel nie. Die Staatsveiligheidsraad besluit om dit na die Werkkomitee terug te verwys aangesien sekere probleme daarmee ondervind word. — DIE SEKRETARIS

Uit die bespreking wat hierop volg, blyk die volgende Staats= veiligheidsraad-riglyne vir Zimbabwe te wees:

(a) die status quo word gehandhaaf;

(b) niks word gedoen om Zimbabwe af te breek nie, geen vyandiggesindheid word geopenbaar nie; *hostile*

(c) die RSA doen ook niks wat Zimbabwe help op dreef kom nie; *to get off the ground*

(d) wat uitvoerkrediethervers ekering betref, word aansoeke deur die Staatsveiligheidsraad op meriete oorweeg maar ten opsigte van groot bedrae staan hy afwysend;

(e) wat die deurvoer van wapentuig betref, is 'n besluit ge= neem wat aandui dat die RSA nie die posisie vertrou nie (notule nr SVR 17/80:10);

OPTREDE DEUR

(f) verteenwoordiging is op die vlak van handelsverteenwoordigers in plaas van diplomatieke verteenwoordigers;

(g) hulp word aan immigrante vanaf Zimbabwe aangebied om hul aan te moedig om na die RSA te kom;

(h) daar is besluit om nie met die ooreenkoms van sekere lenings voort te gaan nie;

(j) wat vervoer betref, word van dag tot dag na die situasie gekyk;

(k) sorg moet gedra word dat die RSA se belange in Zimbabwe behartig bly; en

(l) as daar tywfel is oor enige optrede, moet dit aan die Staatsveiligheidsraad voorgelê word.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat die Werkkomitee in die lig van die bespreking en bostaande riglyne 'n korttermyn-strategie vir Zimbabwe moet opstel en aan die Raad moet voorlê. DIE SEKRETARIS

12. AGENDA-ITEM 11 : KEURING EN SEKERHEIDSKLARING VAN ANDERSKLEURIGES: EMPLOJERING VAN ANDERSKLEURIGES AS KRIPTOGRAWE

Die dokument wat as Bylaag 3 met die agenda uitgestuur is, word aan die orde gestel en kortliks deur die Sekretaris toegelig.

Die Staatsveiligheidsraad besluit om dit goed te keur. DIE SEKRETARIS

13. AGENDA-ITEM 12 : ALGEMEEN

(a) MOONTLIKE REGSGEDING TEEN TRANSKEISE EERSTE MINISTER GEORGE MATANZIMA IN 'N SUID-AFRIKAANSE HOF INGESTEL DEUR MNR HUMPHREY BERKELEY

Minister R F Botha maak die saak aanhangig en verneem of die Staatsveiligheidsraad dit sal goedkeur dat hy diplomatieke immuniteit aan mnr George Matanzima toestaan ten einde die regsgeding te vermy.